DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. Vrydag 20 Junie 1958. No. 8.


# F. W. en Hennie gaan kuier oorkant die water



H. J. van der Walt.

Soos in die verlede, toer twee Studenteraadslede van die P.U. vir C.H.O. weer vanjaar oorsee deur middel van die Abe Bailey-beurs, en wel in die persone van mnr. F. W. de Klerk, onder-voorsitter, en mnr. Hennie van der Walt, Sekretaris.

Hoewel die Abe Baileybeurs slegs 'n studietoer deur Brittanje inhou, hoop mnre. De Klerk en Van der Walt om op eie koste 'n verdere toer deur Europa te onderneem. Die hele groep, bestaande uit Studenteraadslede van al die Suid-Afrikaanse Universiteite, vertrek aan die begin van Desember na Brittanje en hierdie toer loop ten einde op die laaste dag van Januarie 1959. Daarna wil mnre. De Klerk en Van der Walt 'n paar stede in Italië besoek, asook Parys (dis eintlik Hennie daardie!), Interlake (Switserland),



F. W. de Klerk.

Frankfurt (Duitsland) en eindelik Amsterdam. As regstudente sal die twee here poog om soveel as moontlik te wete te kom van die regsdepartemente aan oorsese universiteite. Hulle hoop om teen die begin van Maart weer in die Buiteland wees.

Beide ambassadeurs van ons Studenteraad is persone wat reeds diep spore in ons Studentelewe getrap het, en sal waardige verteenwoordigers van die Studente van die P.U. vir C.H.O. in die Buiteland wees.

Ons wens Hennie en F. W. 'n aangename toer toe. ons hoop dat hulle veilig in hul!e vaderland sal terugkeer en ons hoop dat Hennie, wat weer terugkom Puk toe, die ondervinding wat hy opgedoen het, nuttig in ons Studentelewe sal kan gebruik.

Idyll van der Walt.

# Kommentaar uit Kaapstad oor Kongres.

In die studentekoerant van U.K. het 'n artikel verskyn deur David Clain, S.R.-voorsitter, wat die A.S.B.-kongres bygewoon het. Hy tipeer die kongres as "an intellectual Forum for discussing theoretical Apartheid and the perpetuation of the Afrikanervolk".

Hy reken dat die kongres gestaan het in die teken van die "group ideal", dit is dat volksgroepe 'n skriftuurlike instelling is en die Afrikanervolk dus suiwer moet bly, terwyl die Bantockultuur gehandhaaf moet word. Hy vra homself egter af of die samesmelting van Hugenoot, Hollander en Duitser om die Afrikanervolk te vorm dan verkeerd was, en „how does this differ from a possible assimulation of English, Afrikaner and African?"

Sy grootste beswaar teen die kongres is egter die gebrek aan realisme; dat dit te veel aandag g.gee het aan die „theoretical and acedemic discussion over their ideology" en uit die oog verloor dat ons in 'n veelrassige land lewe met 'n groep wat streef na meer regte en dat die Bantoe verby die stamstadium is.

Mnr. Clain besluit dan: „I sympathize with these men who cannot admit that their theoretical foundation do.s not accord with the realities of South Africa, because upon it they have built a vast structure of volkstradisie, groupness and separate de've'opment."

Hannes Els.

# Die A.S.B. Waarvandaan? Waarom? Waarheen?

(Vervolg van vorige Wapad.)

In hierdie patroon neem die A.S.B. nou 'n unieke plek in: 'n bond wat 'n kultuurstandpunt verteenwoordig en wat terselfdertyd 'n verteenwoordiging van suiwer studentebelange is. Voorwaar ons het ver gevorder deur dit te bereik.

**Studentegeskiedenis se tweeledige les:**

Ek meen dat dit 'n tweeledige les is wat ons eie studentegeskiedenis ons geleer het:

1) Dat daar nie 'n „neutrale" akademiese terrein bestaan nie. Inteen, deel ons akademiese agtergrond is terselfdertyd die innerlike kern van ons kultuurbeskouing. Ons speel met 'n onwerklikheid as ons meen dat ons mekaar kan ontmoet in 'n suiwer akademiese sfeer. Die geskiedenis het geleer hoe bedrieglik so 'n basis is.

2) Dat die huidige tweespalt op S.A. studenteterrein 'n werklike kulturele onderskeid verteenwoordig. Was ons nie nog altyd besig om hierdie wesenlike onderskeid te verdoesel onder neutrale doelstellings nie? En was dit nie weer die oorsaak van elke misverstand en elke vertroebeling van verhoudings in die geskiedenis van ons S.A. studentegemeenskappe nie!

Ek meen dat deur erns te maak met die les van die geskiedenis en deur aan sy bond 'n karakter te gee wat daarby aanpas, die Afrikaanse student 'n waaghalsige sprong in die regte rigting geneem het.

**Die Toekoms: 'n Voorsprong:**

Waarheen nou verder? Die rigting is reeds vir ons bepaal. Laat ons voortgaan om ons kultuurstandpunt en ons akademiese bedrywigheid te koördineer. Miskien deur ons akademiese vakverenigings beter te koördineer in ons studenterade, en mitsdien aan ons studenterade 'n meer akademiese en terselfdertyd ook kulturele karakter te gee.

Laat die A.S.B. spreek as kultuurliggaam, maar laat hom ook sy verteenwoordigende karakter uitbrei so-

(Vervolg in vorige kolom.)

**Die A.S.B.:**

(vervo!g van volgende kolom.)

dat hy mettertyd ook alle studentebelange kan verteenwoordig.

Laat die A.S.B. voortgaan om samewerking met die ander kultuurgroep te soek. Ek glo dat die A.S.B. hier 'n voorsprong bo enige bestaande mededinger geniet. Omdat hy nie die moeilike probleem van kultuurverskeidenheid vermy deur vir homself maklike en populêre doelstellings op te rig nie, is die A.S.B. die naaste aan 'n oplossing vir ons moeilike probleem van universitêre betrekkings wat onmiskenbaar gegrond is in die aktue!e probleem van kultuurverhoudings. Vind vir ons daardie ryke eenheid wat ook ons verskillendheid sal behou, en u sal aan die Student van S.A. 'n onskatbare diens bewys.

# DIE MAN OP DIE VOORGROND




**Tree op die voorgrond met veka**

**VEKA-SPORTBAADJIES, VEKA-PAKKE EN VEKA JONKHEER-BROEKE IS IN VOORRAAD BY ALLE VOORAANSTAANDE MANSUITRUSTERS „UITGEKNIP VIR U" IN DIE KLEUR WAARVAN U HOU, IN DIE SNIT WAT U PAS, IN DIE KWALITEIT WAT U VERKIES, TEEN DIE PRYS WAT U GEVAL**

VZ 1000

## Oordenking

# Verkeerde Vredelewenheid

**Johannes 7:7: „Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is."**

As die tyd van die Loofhuttefees aanbreek, spoor Jesus se broers hom aan om ter bevordering van die saak wat Hy verkondig na Judea op te gaan. Maar Jesus wil nie na Jerusalem gaan nie, want Hy weet dat die Jode Hom soek om Hom dood te maak en dat sy tyd nog nie aangebreek het nie. Die wêreld wil Hom doodmaak, want die wêreld haat Hom.

Die wêreld — dit is goddelose mensheid — haat Jesus Christus. Hulle haat Hom vandag, en hulle het Hom gehaat in sy lewe op aarde. Jesus weet dat die Jode in Jerusalem Hom haat. Die God van liefde word gehaat, maar tog gaan Hy nie na Jerusalem om vrede te sluit met sy vyande nie. Want Hy weet watter prys sy haters sal eis vir die vrede.

„Die wêreld haat My, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is."

Jesus Christus weet dat die wêreld Hom haat omdat Hy Hom so skerp teenoor hulle gestel het, omdat Hy hulle sonde veroordeel en van hulle bekering eis. Hy weet wat die wêreld van Hom skei; dat hulle Hom haat omdat Hy getuig dat hulle boos is. As Hy ophou getuig, sal hulle hulle haat teen hom vergeet. Maar dit doen Christus nie, want Hy soek nie die vriendskap van die goddelose nie.

Maar die wêreld kan sy broers nie haat nie, omdat hulle één is met die wêreld. Hulle is wel goeie mense, wat hulle hou aan die Joodse godsdiens en getrou opgaan na die Loofhuttefees, maar hulle leef in vrede met die wêreld. Hulle wil nie gehaat wees deur die wêreld nie, en daarom getuig hulle nie teen die wêreld nie, maar leef in harmonie en vrede met die goddelose, en daarom kan die wêreld hulle ook nie haat nie. Die wêreld kan maar hulle Broer haat, maar hulle wil met dieselfde wêreld in vrede leef.

En as ons nie te bang is vir selfondersoek nie, sien ons nie in Jesus se broers ook onsself nie?

Deur sy soendood is ons sy broers en inderdaad één met Hom, en tog wil ons ook één wees met die goddelose. Ons sal enigiets doen dat die wêreld ons nie moet haat nie. En, waarlikwaar, wat ons amper die maklikste nalaat is om te getuig van Christus Jesus, dat Hy onse Here is, en om te getuig van die wêreld, dat sy werke boos is. Om vir Christus, wat Hom ter wille van ons gehaat gemaak het, te getuig, laat ons na, net sodat ons nie gehaat sal word nie.

Die Christendom is so bang vir die vyandskap van die wêreld. Dinge wat aanstootlik is vir die wêreld moet tog liewer verswyg word. Enigiets terwille van wêreldvrede.

En gaan dit by ons persoonlik veel beter?

Of oorheers die begeerte na populariteit nie ons hele studentelewe nie? Om 'n mede-student broederlik te vermaan; om in die Naam van Christus 'n vriend(in) aan te spreek oor sy/haar sonde — nooit! Hy/sy sal nie daarvan hou nie; dit is net om moeilikheid te veroorsaak en 'n Christen moet in vrede lewe.

Verkeerde vredeliewendheid!

In werklikheid 'n vrees om terwille van Christus gehaat te word — 'n verloëning van Christus!

Ons moet getuig teen die wêreld dat sy werke boos is. Geen vrede en vriendskap met diegene wat Christus haat nie!

„Here, sou ek dié nie haat wat vir U haat nie?" (Ps. 139:21.)

J. C. Coetzee.


REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - Andries Myburg.
O/HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - Nesco du Toit.
NUUS - - - - - - - - - - - - - - - Jan v. d. Schyff.
INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE - - Chris Coetsee
KUNS - - - - - - - - - - - - - - - Riekie Dekker.
(Waarnemend) - - - - - - - - - - - Enid Rautenbach.
SPORT - - - - - - - - - - - - - - De Wet Krüger.
VARIA - - - - - - - - - - - - - - - Susan Roets.
TEGNIESE-ADVISEUR - - - - - - - - - - Dries Yssel.
FOTOGRAAF - - - - - - - - - - - - Hannes v. d. Walt.
PENNINGMEESTER - - - - - - - - - - - Hans van Zyl.
ADVERTENSIEBESTUURDER - - - - - - - - Eike Howaldt.
SIRKULASIEBESTUURDER - - - - - - - - - Leon Swart.





VAN DIE REDAKSIE ——

Von Weilligstraat 39,
Potchefstroom.
16 Junie 1958.

Geagte Pukke,

Dit is met die gekreun van moeë liggame en afgematte geeste en met 'n gebibber van die koue wat ons reikhalsend uitsien na volgende Woensdag om 3.40 nm. Dit is seker nie nodig om vir u te sê wat daardie datum beteken nie, as u nie weet nie, weet **dit** dan: u is geen ware student nie.

Maar daar is ook seker onder ons diegene wat hulle nie so definitief aan die besondere sluitingstyd gaan hou nie; moet net nie te breë kanse vat nie: die proffies voel nie baie gelukkig omdat **hulle** tot op die laaste moet bly nie.

Watter plan u ookal in die mou voer om die akademie en die koue te ontduik, langs hierdie weg wil die redaksie aan 'n ieder en 'n inkelte 'n baie aangename vakansie toewens. Waar u u ookal bevind: **geniet dit**, u het dit terdeë verdien!

Ook wat die blad self betref: dit is die wens van die redaksie dat daar aan u **iets** gebied is in die agt uitgawes wat tydens die eerste semester verskyn het, al was dit dan ook net **iets** om te kritiseer, want uit u kritiek lei ons af dat u darem aandag aan die **iets** gegee het.

Ons aanvaar **alles** egter in die goeie ou studente-gees, en as ek sê alles, dan bedoel ek ook die **vakansie.**

Rus lekker en . . . . GENIET DIT!

Studentegroete,

Andries Myburg.


**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61
Raadpleeg ons vir . . .
● BROOD
en alle
● KOEKSOORTE

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 86.
TELEFOON 3091.
Nou geopen en tot u diens!
●
ONS LEUSE IS:
„DIENS aan die gemeenskap"
●
Ondersteun Oud-Pukke!

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!"

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
**en**
**Antikwariaat**
vir al u
WETENSKAPLIKE BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTES.
●
Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
● SPIRITUALIEË
en
● WYNSOORTE

# ALABAMA GAAN RHODESIË TOE!

Vanjaar onderneem die Alabama Studente-orkes sy vierde toer na Rhodesië. Die eerste twee toere is in 1951 en 1952 onder leiding van mnr. (nou ds.) Ph. C. Snyman geloots, terwyl die vorige een in 1955 plaasgevind het met mnr. Ockert Strydom as leier.

Die toer wat vanjaar onderneem word, hou beloftes op baie gebiede in. Soos in die verlede behoort die omset weer kort duskant 'n tweeduisend pond rond te draai en aangesien met die organisasie vanjaar vroeër begin is, kan 'n beter wins as in die verlede verwag word.

Verder word daar gepoog om ook aan die toerlede iets te bied in die besigtiging van besienswaardige plekke soos: Die Seekoeigat in die Lundirivier, Die Zimbabweruïnes, Inyanga (die „honey moon" kontrei van Rhodesië), die Grotte by Senoia en dan natuurlik die Victoria Waterval, waar die geselskap oor 'n naweek sal uitkamp.

Die toergroep self begin alreeds gees vang en saam met „Pa en Ma", Dr. en mev. Fanus Postma, gaan dit sommer 'n aangename groepie word wat elke oomblik van die toer ten volle gaan geniet en poog om waardige ambassadeurs van ons Universiteit te wees.

Wat egter die belangrikste doel van 'n toergroep bly, naamlik die bekendmaking van ons Universiteit met sy unieke beginsels, sal ook die hooftaak van die Alabama in Suid- en Noord-Rhodesië, Bechuanaland en Noord-Transvaal wees.

Wat die program betref is daar ook tekens van vooruitgang te bespeur. Afgesien van die tradisionele orkes, volken sangspele en individuele items. het die Alabama vanjaar 'n besonder goeie sanggroep wat nie alleen sal sorg vir solo's en duette van gehalte nie, maar wat hulle verstout het om die Kwartet uit „Rigoletto" van Verdi aan te pak. Hierdie item behoort dan ook 'n groot aantrekkingskrag in die program te wees. Verder is daar nog 'n vioolsolo deur eerstejaar Corene Cronje, 'n klaviersolo deur Bollie Pretorius en 'n Hawaiise ghitaarsolo deur Botha van der Walt.

Ou gesigte soos die van ons ou grapmaker, Schalk Buys, en voordragkunstenares, Bets Coetzee, sal gemis word, maar ook hier hoop ons om darem hier en daar die lagspiere te prikkel.

Die groep vertrek op 25 Junie hiervandaan, hou hulle eerste opvoering op Pretoria dieselfde aand, en dan Rhodesia toe. Saterdag 26 Julie meld die Gryshondjie weer by die hoofgebou aan.

Mag die toer 'n sukses wees en mag ons nie alleen ons Universiteit se naam hooghou nie, maar genoeg geld terugbring om 'n ontspanningsaal te kan bou!

AANDAG!

**Die Studenteraad wag applikasies in vir die pos van deeltydse organiseerder.**

**Salaris: £200 per jaar.**

**Werkure: Tussen 500 en 700 per jaar.**

WESTVAAL


**Studente!**

VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

WESTVAAL

## Alabama Studente-Orkes




*Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.*

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**

and

**Van Riebeeck Cafe**

for:

- SWEETS,
- GRILLS
  and
- COOLDRINKS.

# Perrichon in Noord-Transvaal

Gedurende die eerskomende Julie-vakansie neem Thalia 'n seerberoemde heer met hulle mee op hulle toneelreis deur Noord-Transvaal; niemand minder nie as in Suid-Wes-Afrika-bekende Meneer Perrichon nie.

Hierdie Meneer Perrichon is eintlik nie Duits-sprekend nie, selfs nie eens van S.W.A. nie! In werklikheid sou hy ook geensins in 'n toneelgeselskap pas nie. Hy is 'n vooruitstrewende, hoewel enigsins rare, wamaker, afkomstig uit Parys — nie die Parys hier anderkant die bult nie. Maar soms is dit nodig om sulke goed wat daar glad nie hoort nie op toer saam te neem . . . . . .

Die saak staan so: Meneer Perrichon is glad nie eens 'n mens nie, dis die titel van die blyspel waarmee Thalia vanjaar op reis gaan, meer volledig: "MENEER PERRICHON GAAN OP REIS".



**Hoofspelers moet maar so lyk . . . .**

Sommer pas na die Puk gesluit het spring die toneelgeselskap hier weg, om nog die aand vóór die Transvaalse skole sluit by die Monument Hoërskool 'n opvoering te hou. Daarna gaan die reis oor Pretoria (27 Junie), Rustenburg (28 Junie), Brits (30 Junie), Warmbad (1 Julie), Pietersburg (2 Julie), Hoedspruit (3 Julie), Tzaneen (5 Julie), Louis Trichardt (7 Julie), Levubu (8 Julie), Vivo (9 Julie), Duiwelskloof (10 Julie), Zebediela (11 Julie), P.P.rust (12 Julie), Naboomspruit (14 Julie), Nylstroom (15 Julie).

Op die eerste Saterdagaand van aanstaande kwartaal word die blyspel hier in die studentesaal aangebied.

„THALIA"
TONEELVEREENIGING

VAN DIE

Potchefstroomse Universiteit
vir C.H.O.

BIED AAN

Meneer Perrichon
gaan op reis

deur LABICHE en MARTIN
uit Frans vertaal deur Dr. T. T. Cloete

deur DR. T. T. CLOETE

## HIEROOR EN DAAROOR

Mens sal ver gaan soek vir iets interessanter as die seekat. Die dinge waartoe hierdie koppotige dier in staat is laat mens se mond nou waarlik oop hang. Geen wonder dat die geleerdes skertsend na hom verwys as „die slim ou man van die see" nie.

'n Man het nou die dag 'n tweeduim seekatjie op die rotse gaan vang, en hom in 'n sigare-kassie toegespyker. Hy het die sigare-kassie op die roeibank van die boot neergesit en strand toe geroei. Op die strand aangekom het hy die kassie oopgemaak — dit was leeg! Die kassie was splinternuut, en daar was absoluut geen krakie waardeur die dier kon ontsnap nie: waar het dit dan uitgekom?

Daar was slegs één moontlikheid, en die diertjie het daarvan gebruik gemaak: die gleufie waar die deksel en die kis mekaar ontmoet.

Om hier deur te kom moes die seekatjie sy liggaam afplat tot die dikte van 'n vel papier.

* * *

. . . . . En so van katte gepraat. Hoeveel maal moet 'n mens 'n kat se pels streel om genoeg elektrisiteit te verwek om 'n gloeilampie van 75 watt slegs één minuut lank te laat brand?

'n Amerikaanse ingenieur het hierdie sakie uitgepluis.

Dit kom daarop neer dat mens die kat 9,200,000 moet streel om die nodige krag op te wek.

* * *

U het seker ook al gehoor van . . . .

die Amerikaanse dame wat hier by ons op 'n riksja kom ry het en toe daar oorkant gerapporteer het: „Glo my, hulle het perde wat net soos mense lyk!"

die Grootmeneer, pas terug uit Parys, aan wie gevra is of hy die Mona Lisa gesien het. „As dit in die Louvre was," het hy ferm geantwoord, „dan het ons dit gesien".

die vrou wat by die huis gekom het en vertel h t: „toe ons in die Grand Canyon afgekyk het, het my man se gesig omtrent 'n myl gesak."— „Wil jy vir my sê dat hy teleurgesteld was?" het 'n vriendin fronsend gevra. —„Nee, gladnie," kom die uitklophou, „hy het oor die kant geval".

* * *

Die enigste manier om 'n vrou te beveg is met jou hoed—
Gryp dit en hardloop.

Jan Rap.

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE
MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander
benodigdhede.

Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1
POTCHEFSTROOM




Molenstraat 71,
Potchefstroom.
10 Junie 1958.

Die Hoofredakteur,
Die Wapad.

Waarde Heer,

Vergun my om na aanleiding van die skrywe van Mnr. D. C. Coetsee i.s. A.S.B. — I.S.K. in die vorige Wapad, enkele opmerkings te maak.

Ek wil hier geen antwoord gee op argumente deur Mnr. Coetsee in sy skrywe genoem nie, want dit sou waarskynlik nog langer wees as syne, en ons geagte lesers is seker teen dié tyd moeg vir lang betoë van hierdie aard, soos dié van Mnr. Coetsee, oor 'n onderwerp wat reeds baie bespreek is.

Mnr. Coetsee besef miskien nie duidelik genoeg wat die hele situasie op die oomblik is nie. Laat ek dit soos volg stel: Die Studenteraad het 'n besluit geneem aangaande die verhouding tot die I.S.K. Mnr. C. is ontevrede met die besluit, en dus die beleid, van die Studenteraad, en sal blykbaar daarom nie rus alvorens hy die Studenteraad van sy „verkeerdheid" oortuig het nie.

Nou is ek geneig om tot die konklusie te kom — uit hierdie en die vorige skrywes van Mnr. C. — dat hy miskien nie die standpunt, of dan die beleid van die Studenteraad, met genoeg respek bejeën nie, dat hy eintlik, op grond van sy beskouing, geen bestaansreg aan die beleid van die Studenteraad, waarvan hy lid is, wil toeken nie. Ek wonder of Mnr. C. beskeie genoeg is wat sy opinie betref. Laat ek duidelik stel wat hiermee bedoel word: Moet dit nie liewer van die Studenteraad, wat 'n bepaalde standpunt toegedaan is, verwag word om Mnr. C., wat hom geensins daarmee kan vereenselwig nie, te versoek om in die openbaar sy standpunt te regverdig nie? In kort: Eien Mnr. C. homself nie die reg toe wat eintlik die Studenteraad toekom nie?

Verder moet ek u daarop wys dat my vorige skrywe in die Wapad amptelik, namens die Studenteraad was, omdat dit aan my opgedra is om 'n uiteensetting van die Studenteraad se standpunt teenoor diè van Mnr. C. te plaas. Waar hy my in sy skrywe aanval, val hy dus in werklikheid weereens die Studenteraad aan.

In verband hiermee wil ek ten slotte opmerk dat ek met plesier, indien die Studenteraad dit nodig mag ag, die standpunt in hierdie verband namens die Studenteraad op 'n massavergadering sal stel. Dit is binne die mag van Mnr. C. om saam met 49 ander P.U.-studente 'n spesiale Massavergadering te laat byeenroep, of 'n gewone mosie in te dien ter bespreking op 'n Massavergadering.

Ek vra om verskoning indien Mnr. C. mag meen dat ek my te kras uitgedruk of ongegronde afleidings gemaak het.

Met dank vir plasing,
D. Postma.

---

P.U. vir C.H.O.,
9 Junie 1958.

Die Hoofredakteur,
Die Wapad.

Geagte Redakteur,

In „Die Wapad" van 22 Mei het „Geesbewus" 'n sterk protes laat hoor teen die „onrusbarende feit . . . . dat hier geen gees op die Puk is nie". En 'n endjie verder sê hy/sy: „Die studente wat gewoonlik **alle aktes** bywoon, sal nooit sê dat daar geen gees op die Puk is nie, want dit is **alleen hulle** wat gees het." Baie duidelik gaan dit hier oor die vraag: wat moet die regte „gees" wees? „Geesbewus" sê: Die bywoning van alle aktes — soos duidelik blyk uit bogenoemde aanhaling — en verstaan dan onder „aktes": studente-aktiwiteite. Geesbewus moet my asseblief reghelp as my interpretasie verkeerd is!

Nou is die vraag net dit: Is dit reg om die bywoning van „alle aktes" as norm vir ware „gees" van ons universiteit te gebruik?

Daar bestaan reeds die gevaar van oor-organisasie in die studentelewe, en onder huidige omstandighede ook nog dié gevaar dat 'n student, deur volle aandag aan **alle aktiwiteite in die** studentelewe te gee, sy akademiese verpligtinge tot sy eie nadeel kan verwaarloos.

Dat die „gees" van die Puk-studente darem nie 0% is nie, is seker — daarmee stem „Geesbewus" immers saam as hy/sy sê: „As ons net so 'n **bietjie** meer belangstelling in die studentelewe toon, sal die gees vanself kom." Ons moet egter waak daarvoor dat ons die goeie balans tussen studenteaktiwiteite en akademiese verpligtinge nie versteur nie. Een ding staan immers vas: Ons studenteaktiwiteite mag nie indruis teen ons akademiese studies nie — anders word die studente-lewe 'n gevaar vir die akademie.

Dankie vir plasing,
Die uwe,
„Balans."

---

KOM SIEN ONS
vir al u . . . . .

* Fotografiese
en
* Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**Potchefstroom**




# *Suiwer Strale deur die glas.*

Sedert verlede week het die kunstenaars feitlik in hordes op ons toegesak en was daar drie baie genoeglike aande gewees.

**Die skrywer: W. A. de Klerk.**

Die besoek van W. A. de Klerk het die hoogtepunt van die jaarprogram van die letterkundige vereniging, Estrarte, aangedui. Die gehoor het inderdaad daarvan getuig dat dit 'n baie aangename kennismaking met mnr. De Klerk as mens en skrywer, was.

In sy besielende toespraak het W. A. de Klerk veral gepoog om sy individuele beskouing oor 'n skrywer as mens en kunstenaar te gee. Hy het daarop gewys dat die kunstenaar geen spesiale soort mens is nie, maar dat elke mens 'n spesiale soort kunstenaar is. Op eenvoudige wyse het hierdie jong leier van die prosaïste homself openbaar as nie alleenlik 'n baie godsdienstige persoon nie, maar ook as filosoof, wetenskaplike, ervare reisiger van „die wêreld wat was," en humoris W. A. de Klerk het met vindingrykheid, entoesiasme en spitsvondigheid gepraat, en talle kere het ondeunde en humoristiese staaltjies en grappies hul verskyning gemaak. In die bespreking van sy boek, „Die Uur van Verlange" het W. A: de Klerk daarop gewys dat die karakters in sy boek nie die vertroetelde kinders van sy verbeelding is nie, maar werklike, alledaagse mense wat hy met 'n besondere gawe van simpatie bejeën. Mnr. De Klerk se vertellinge was gekenmerk deur werklikheidshumor en atmosferiese tekening.

Die genoeglike aand is afgesluit deur Thalia Toneelgeselskap se opvoering van W. A. de Klerk se eenbedryf, „Ontvlugting" en die bestuur van Estarte kan hartlik gelukgewens word met die aanbieding van die huldigingsprogram.

**Viooluitvoering deur Eve Gettleson:**

Op Vrydagaand, 13 Junie, het die P.U.-musiekvereeniging 'n sonata uitvoering aangebied deur die Engelse violiste, Eve Gettleson, bygestaan deur Mnr. Pieter de Villiers. Alhoewel dit 'n ysige aand was, het Mej. Gettleson en mnr. De Villiers spoedig die gehoor opgewarm met hulle besielende uitvoering. Mej. Gettleson het haar onderskei as 'n kunstenaares met 'n besondere goeie insig in die styl van die werke van beide ouer en meer moderne komponiste. Eve Gettleson het baie musikaal, suiwer en oortuigend gespeel en het 'n besondere tegniek aan die dag gelê. Mnr. Pieter de Villiers het ook grotendeels bygedra tot die geslaagdheid van die konsert deur sy simpatieke en musikale begeleiding, of liewer, samespel.

**Uitvoering deur Ivry Gitlis en Varda Nishry.**

Die vroue van die Joodse gemeenskap van Potchefstroom was verantwoordelik vir die aanbieding van die Joodse pianiste, Varda Nishry en die Joodse violis, Ivry Gitlis.

Varda Nishry se programkeuse was van so 'n aard dat 'n mens haar waarde as pianiste moeilik kon peil. Die kunstenares was tegnies baie vaardig gewees en het die mistieke Oosterse element van sommige stukke baie treffend en soms amper hipnoties uitgebeeld. Die kunstenares se uitvoering op die klavier was gekenmerk deur 'n oormaat ritmiese bewegings wat die gehoor soms baie rusteloos gestem het. Desnieteenstaande het almal haar egter as kunstenares waardeer.

Ivry Gitlis het mank gegaan aan dieselfde gebrek as Varda Nishry, nl., 'n baie swak verhoogspersoonlikheid. Aan die begin van sy uitvoering was die klank van Gitlis se Stradivarius nogal vermuf gewees en het nie die volle diepte bereik nie. Gitlis het homself veral in sy toegifte as ware kunstenaar en virtuoos openbaar. Adolp Hallis, die begeleier, het besondere musikaliteit en bekwaamheid aan die dag gelê in die begeleiding. Die herhaaldelike toegifte toegestaan deur die kunstenaars, het getuig van die byval wat hulle by die gehoor gevind het.

Enid R.

# Belangstelling Kwyn.

## Prof. Engelbrecht ontken bestaan van Christelike Wetenskap.

Tydens die derde vergadering van Korps V. V. vanjaar het Prof. B. J. Engelbrecht die vergadering toegespreek oor die onderwerp: „Is teologie 'n wetenskap?" In vergelyking met die vorige twee vergaderings was dit baie duidelik dat die belangstelling aansienlik afgeneem het.

REDES:

Daar is blykbaar verskeie redes waarom die opkoms nie so goed was nie. Eerstens was die onderwerp van Prof. Engelbrecht nie vooraf beskikbaar om bekendgestel te word nie. Verder — dit is Junie, die „toetsmaand", en dit is nou eenmaal maar so dat 'n student eers 'n week — of miskien 'n dag — voor die toets begin voorberei. Uitsonderings hierby natuurlik uitgesonder!

TEOLOGIE 'N WETENSKAP?

In die bespreking van sy onderwerp het Prof. Engelbrecht drie gesigspunte na vore gebring, waaruit blyk dat, volgens hom:

(a) Wetenskap op **feite** gegrond moet wees.

(b) 'n Christelike wetenskap dus nie moontlik is nie;

(c) die teologie as wetenskap vanuit die predikopdrag aan die mens verklaar moet word.

Wetenskap word gevorm deur, uitgaande van die begronding op feite, tot 'n besluit te raak d.m.v. streng metodiese denke, sonder dat 'n teenstrydigheid plaasvind.

Ons vra dan maar net: Wat van ons banier: „In U Lig"?

---

WAPADDATUM

**Die volgende Wapad sal verskyn op Donderdag 8 Augustus.**

---

## WEER EENS ONS EERSTEJAARS

1. Die Corrie van Rooy-wisseltrofee word uitgereik deur die S.R. aan die damestudente wat die jaar die meeste gewig ingegooi het.

2. Die Toerleiers is daar om leiding te gee aan die toerlede en om hulle op te „check".

3. 'n Amendement is 'n voorstel gedoen op 'n vergadering dat daar 'n verandering aangebring moet word aan 'n verslag of so iets, aan die vergadering voorgelê.

4. 'n Amendament is 'n wysiging op 'n wetsontwerp.

5. 'n Amendament is 'n byvoeging of toevoeging van iets. Bv. iets wat bygevoeg word by reeds bestaande reëls.

6. 'n Amendament is 'n wysiging of verandering in die bespreking of in die finale besluit.

7. Die J. C. van Rooy-beker word gegee aan die persoon wat die beste op die gebied van skaak in die Fakulteit, koshuise of ander instansies gepresteer het.

8. Die inhoud van die Studentehandboek is miskien te breedvoerig uitgelê.

# Maanskyn op die Visdam

Aangesien Satelliete „dik" geword het vir skinder en op 'n winterslaap gegaan het, sal I.K. in die vervolg hierdie kys- en skinderkolom behartig..

Pukke, het julle geweet dat ons 'n groot sangeres in Thabajäh het? Toe ek gisteraand Noord van die studentesaal sleep, hoor ek vir **Ria** in 'n roerende serenade by die visdam: „Moon over my **Amie**!"

Veral sekere families is baanbrekers in hierdie „oudste sport op aarde". Ek dink veral aan die Krugers, Postma's, Van der Walts en De Bruyns. 'n Kranige **Kruger** genaamd **De Wet** het vir hom die jongste van die twee **Postma-Christientjies** aangekeer, sodat aldrie die Puk se Postma's nou geholpe is.

'n Ander moeilike skwat is die **Van der Walts**, waarvan party lede 'n vreeslike swakheid het vir die hoofletter L; hetsy dit nou in „Liefde" of „Lucia" voorkom! Nog 'n vrome **Van der Westhuizen-jonkman** is aangekeer omdat hy nie wou glo dat die maan plus 'n **Van der Walt** 'n gevaarlike kombinasie is nie. Mooiso, Luna en Rassie.

As die Puk dink dat **Lientjie** en **Willem** die enigste twee is wat ingesien het dat koue oorlog en Winter nie harmoniseer nie . . . . kyk dan so 'n bietjie na **Rina Schutte** en **Piet van Heyningen** wat onlangs hul saamlopende neigings in vaste vorm gekonkretiseer het.

**Die Franse De Bruyns** is manne wat weet wat hulle wil hê, veral as die gevaarlike **Krugers** ook in die gedrang is. 'n **Jonger De Bruyn** het onlangs afgesuiker na Bloemfontein om sy gevoel van verydeling af te skud, toe helaas meer as net lg. in die slag gebly het. Toemaar **Frans** (en dergelike slagoffers), met behulp van Hoenerien sal daardie Yul Brynner-voorkoms spoedig weer plekmaak vir 'n weelderige plantegroei!

'n Tweede opmerklike verskynsel is die toenemende verbroedering tussen **Pukkies** en **Tukkies** (tussen hakkies, mag satelliete in haar laaste boodskap gou platoniese groete oordra? 'n Sekere eerstejaar-Tukkie-aster (vroeër van Bellville), genaamd **Hedwig R.** wil weet of eerstejaar **Paul Kruger** haar nog onthou!)

Die **Perdeby** se Reaksie ontstel hulle, want as 'n mens **Erna Labuschagne** en 'n paar ander asters dophou, word dit langsamerhand duidelik waarom Tukkies se **Ingenieurs-, Mediese- en Landboufakulteite** toenemende neigings toon om Pukland toe te trek!

Dit laat 'n mens wonder wat die verband is tussen **Bets Campher** en die hoogspringprestasies van Tukkieland se **,Harde' Otto!**

Luister 'n bietjie na I.K. se definisie van 'n „Hug: A roundabout way of expressing affection:"

(Red.: Dis **glo** wonderlik in die Wintermaande!)

* * *

Op Saterdagaand 24 Mei stap Piet Bingle en Elsimarie Ross op die herfsblare van U.O.V.S. se bome en toe besig ons held hierdie woorde: ('n aanhaling uit Catullus) „nam simul te, Lesbia, aspexi, nihil est super mi. Lingua sed torpet, tenuis sub artus flamma demanat, sonitu suopte tintinant aures gemina teguntur Lumina nocte". D.i. Want, Lesbia, (Elsimarie) sodra ek jou sien, bestaan daar niks vir my, maar my tong verstyf, subtiel trek die vuur deur my lede, suising kom in my ore, duisternis kom op my oë.

Alhoewel sy tong verstyf het, kon hy darem nog die woorde uiter: „Kom ons . . . . . en voor hy verder kom sê sy: „Ja, met plesier . . . . . dankie!"

Toe wend Piet hom weer tot die klassieke en kortasem sê hy: „O quantum est honinum beatiorum, quid me laetius est beatiusve?" D.i. O van alle gelukkige mense, wie is blyer en gelukkiger as ek?

EN SO HET NOG EEN VAN ONS HELDE GESNEUWEL! ! ! !

Kupido.

# Reaksie op J.v.d.V.-Inligtingdiens se Pogings.

## „A.S.B.'S UTOPIA" MAAR KOEL ONTVANG.

In twee artikels in die jongste uitgawe van die studentekoerant van Pietermaritzburg, word verslag en kommentaar gelewer in verband met die toespraak van Johan van der Vyver aldaar. Die joernalistieke vaardigheid wat uit die artikels spreek, moet waardeer word, maar die indruk wat daardeur gewek word, is dat die goedbedoelde pogings van die Inligtingsdiens om 'n effense waardering vir die A.S.B. en sy doelstellings te wek, nie juis geslaagd was nie. (Kom ons boikot die -diens, Pukke). Hieronder volg 'n kort samevatting van hoedat die Natallers die saak nou insien.

Die A.S.B. besef dat die stemreg nie altyd van die nie-blanke onthou kan word nie, en „therefore they propose **eventually** to grant equal rights **when the time is right** because otherwise the 'Natives' would take the right even by armed force!" Verder vrees die A.S.B. dat die Bantoe die Afrikaner sal verswelg en is bevrees dat kommunisme sal versprei en glo dat "Apartheid is the only way by which the integrity of the Afrikaans speaking people can be preserved while granting economic and political rights to the African people". Die A.S.B. streef dan na 'n „Apartheid chequer board", 'n Utopië van swart en wit state. Vrae soos die volgende ontstaan: "Where is the money to come from? What is to happen to the protectorates? and the labour question", maar helaas! „no serious attempt was made to deal with these problems". (Moet nou net nie dalk sê die tyd was te min nie, mnr. die Direkteur van die -diens.)

Die A.S.B. wil nie die publieke opinie teen homself of die regering beïnvloed nie, en kritiek teen die regering „were privately made". In hierdie verband is die A.S.B. gelukkig „in having mr. De Klerk and mr. D Verwoerd as prominent members of the A.S.B.". (Elke hond kry sy dag.) Eintlik kom hierdie hele beleid van die A.S.B. daarop neer dat „the Afrikaners want to maintain the Afrikaner nation as an entity. They are against integration even with English speaking white South Africans, for they fear that their ideals will be lost in an integrated society". (Selfsugtig nê.)

Mnr. Van der Vyver erken „there is a slim chance of salvation in segregation . . . . a hardly attainable ideal apparently" en dan nog is dit een "to which he was prepared to devote his energy". (Ha! Ha!) Hoewel „eager to combat the threat to Afrikanerism and refusing to let itself realise the potential richness of the diverse South African way of life" is die A.S.B. tog gretig om kontak te maak met ander rasse — iets wat verwelkom moet word en waarop met "similar sincerity and intelligence" gereageer moet word. ('n Pragtige voorbeeld daarvan in bogenoemde berigte, of wat praat ek tog alles?)

# OBERHOLZER DOEN DIT WEER

## Wits is Saterdag hier

In 'n wedstryd waarin die eerstespan so byna-byna Lichtenburg se rekord op hulle tuisveld geslaan het, het Lichtenburg ons eerste span Saterdag met 13 punte teen 8 verslaan.

Hoewel die gees van die wedstryd effens gedemp is deur beserings, was daar telkemale 'n oplewing wat mooi rugby wou afwerp, en een of twee maal is daar dan ook rugby uit die boonste rakke gespeel. Die twee spanne was ewe sterk en 'n gelykop telling sou beslis 'n beter weergawe van die hele wedstryd gewees het. Die telling was dan ook 8—8 tot naby die einde, toe Arie Oberholtzer sy tradisionele breekslag uitgevoer het en vanaf sy eie vyf-en-twintig 'n skouspelagtige lopie met 'n drie afgerond het.

Op sy eie kwartlyn het Oberholtzer die bal van sy skrumskakel ontvang, 'n skêr beweging uitgevoer saam Jan le Roux (senter), wat die bal weer aan Oberholzer terugbesorg het om 'n drie aan te teken nadat hy deur die hele P.U.span gesuiker het.

Dit is net eenvoudig onverstaanbaar dat hierdie briljante losskakel van Lichtenburg nie plek kry in die Wes-Transvaalspan nie.

Onder die Pukgeledere het almal hard gespeel en dit is moeilik om spesifieke spelers uit te sonder. Tog moet gesê word dat Proffie van Vuuren sy buiging in eersteligarugby uitstekend deurstaan het en dat Dennis Crause hom goed van sy taak gekwyt het nadat hy Hennie van der Walt se plek op losskakel ingeneem het. Die beseerde Hennie het na heelagter verskuif.

P.U. moes toesien dat Lichtenburg eerste punte aanteken toe heelagter Viljoen 'n skepskop deurgeloods het. Kort hierna het Casper Lessing egter deurgebars om 'n drie aan teken wat H. B. van der Walt vervyf het (5—3). Hierna het vleuel Van der Berg 'n drie vir Lichtenburg aangeteken wat deur Viljoen vervyf is (5—8). H. B. van der Walt het die telling gelyk gebring met 'n strafskop (8—8). Ondertussen het P.U. in Lichtenburg se gebied geboer en dit is jammer dat seker drieë deur Mick Moolman en Amie van Wyk verlore gegaan het. Toe het Oberholzer die seël op die wedstryd geplaas met sy opportunistiese drie wat deur Viljoen vervyf is (8—13).

Maar, Pukke, eerskomende Saterdag speel Wits met vyf spanne hier teen ons manne. Ons Rugbyspelers het u ondersteuning nodig. Laat al wat Puk is daar wees om hulle span aan te moedig. Ons sal die Witsies wen! Hier sal Saterdag ook drie keurders van die S.A. Universiteitespan wees.

**NAVY:**

Navy kon Saterdag as gevolg van talle wysigings deur beserings nie hulle standaard van verlede week handhaaf nie, maar nogtans het hulle goed gehou en kort voor die einde was die telling nog 6—6. Met 'n eindpoging het Lichtenburg II egter deur die Navy se knaende verdediging gebreek om te wen met 13—6.

Manne wat besonder goed vertoon het in die Navy was Chris Badenhorst wat nou sy ware kleur as losskakel begin toon, en die nuwe kaptein, Andrew Pyper, wat 'n stewige vertoning gelewer het, al het hy op die ongewone posisie van haker gespeel.

Navy se punte is aangeteken deur Koos du Plooy met 'n drie, en Chris Badenhorst met 'n strafskop.

**TEKKIES:**

In 'n wedstryd op Klerksdorp teen Klerksdorp het Tekkies mooi tweede gekom. Telling: 11—5 in Klerksdorp se guns.

Idyll van der Walt.

## Pukke klop Klerksdorp

Saterdagmiddag, 14 Junie het 'n span van Klerksdorp met die Pukke kom kragte meet op ons tennisbaan. Tydens 'n middag van uiters aangename en aanskoulike tennis het die Pukke geslaag om Klerksdorp met 127 spelle teenoor 121 te klop. Die oorwinning was nie baie groot nie, maar dit moet in aanmerking geneem word dat Klerksdorp verlede jaar die wenners van die Wes-Transvaal Eerste Liga was.

Die Pukke het almal goed gespeel maar die name van Dawie du Plessis en Mej. Colinie Krüger verdien spesiale melding. Veral in die gemengde dubbels het Mej. Krüger uiters bestendig en veilig vertoon.

Die Pukmans het hulle afdeling van die wedstryd met 10 spelle gewen, en dit wil al voorkom of die Pukmans nie sommer hulle moses in die Wes-Transvaal sal teëkom nie. By die dames blyk daar nog steeds 'n tekort aan wedstrydondervinding.

Saterdag die 21ste gaan die Pukke besoek aflê op Wolmaransstad met ses mans en vier dames en 'n baie genotvolle dag word in die vooruitsig gestel.

## Manshokkie na Universiteite-toernooi

### LOOP VOOR IN LIGA.

Die P.U. Manshokkieklub gaan vanjaar beslis 'n span na die Inter-Universitêre hokkietoernooi stuur. Die afgelope vier jaar was die Puk nie verteenwoordig nie. In 1954 het die toernooi in Potchefstroom plaasgevind.

Ongelukkig is dit op die oomblik feitlik seker dat Horst Wiese, die staatmaker van die Puk-span, nie die toernooi sal kan meemaak nie. Met die uitsondering van Paul de Brruyn sal die span verder op volle sterkte wees.

Intussen is die Pukke nog steeds die voorlopers in die Wes-Transvaalse eersteliga. Op Woensdag 11 Junie is die neerlaag van vroeg in die seisoen, teen Normaal, deeglik gewreek met 'n oorwinning van 4—0. Saterdag het die Pukke kleingeld gemaak van Klerksdorp met 'n oorwinning van 6—1. Piet en Koos van Wyk het tydens hierdie wedstryd uitmuntende spel gelewer. Veral Piet se spel was seker die beste wat hy nog vir Puk gelewer het.

**HAMABDIEL . . . . 1958.**

**Dinsdag is die groot dag, en 4 nm. is die groot tyd. Die groot plek is die Puk se voetbalveld. En die GROOT SLAGTING is die Hamabdiel van die jaar van die groot manne: nobele nageslagte van die groot Bul van Basan!**

**Gert Bester sal aan die leiding van Preekkollege A se span staan en Tokkelok sal sy bes doen om aan die leiding van die B-groep te staan.**

**Daar is 'n beker op die spel en hare gaan waai.**

**Dit mag wees dat die Tokkelokke geen Kategismuspreke kan maak nie, maar dat hulle 'n drie kan druk is gewis. Almal MOET net daar wees. Laat elke Tokkelina op haar plek wees want die manne moet inspirasie hê. Almal wat van mooi oop rugby hou: u is Baie Welkom! (met hoofletters.)**

## GEESDRIF LOOP HOOG IN KORFBALKLUB

Aan geesdrif ontbreek dit in die Korfbalklub nie! Dit word duidelik getoon deur die groot aantal nuwe speelsters wat by die klub aangesluit het. Van 'n skamel agtiental in die begin van die jaar het die ledetal nou gegroei tot omtrent vyftig.

Mooi so Pukkies, laat ons hierdie mooi gees van „speel vir die genot van die spel” handhaaf! ,

Wat die wedstryde betref: Die eerste span se ligawedstryde het op 'n hoë noot begin, nl. teen Pote. Helaas, ons moes met 'n groot nederlaag huiswaarts keer — grotendeels toe te skryf aan die spore wat die Netbal van die Intervarsity op die Korfbal nagelaat het!

**REGGERUK:**

Nadat die spanne weer 'n bietjie behoorlik kon Korfbal oefen, het ons duidelik getoon wat gedoen kan word deur Potch-Dorp met 45 doele teen 22 te klop. Dorp se koppe hang maar seker 'n bietjie met hul ses Wes-Transvaal speelsters en al—Puk het net een Wes-Transvaal speelster.

Vier Pukdames, nl. Ansa Bingle, Ria Snyman, Ria Krüger en Elize Breytenbach was na die Wes-Transvaal-proefwedstryde uitgenooi. Hartlik geluk aan die vier dames maar in besonder aan Ansa Bingle wat as Wes-Transvaal speelster gekies is.

**DERDE EN VIERDE SPANNE:**

Hierdie twee spannetjies is ook net heel aktief en speel dikwels oefenwedstryde teen mekaar. Speelsters soos Lenie de Beer, Ronél Bruyns, Willy van Heyningen, Reinette Grobler, Ina Coetzee en 'n hele paar ander toon alreeds dat hulle die reeds lank versmoorde korfbaltalente nou weer tot uiting laat kom.

Nuwe lede is nog steeds baie welkom. Ons gaan nog sommer lekker korfbal speel verder hierdie seisoen!

Korfbalkapteine.




Die mooiste

GESKENK

VIR U VRIENDE

'n PORTRET

VAN:

BEYERS

CLAASSEN